

KLEINGROEPBEDIENING

Predikant:

Wilhelm Leuschner

Sel: 084 453 8724

Epos: wilhelm@gkwapadrant.co.za

Kleingroepbestuurder:

Elmarie Minnaar

Tel: 012 991 6596

Epos: kleingroepe@gkwapadrant.co.za

DIE VREUGDE OM JESUS TE KEN



**Die vreugde om
Jesus te ken**

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

Hoe kan julle as kleingroep iemand finansiëel ondersteun? Weet julle van iemand wat julle op 'n kontinue basis kan ondersteun? (Die diakonie sal julle hierin ook kan help.) Hoe kan julle die persoon/gesin nie net van 'n afstand ondersteun nie, maar ook persoonlik? (Dink aan Paulus se verhouding met die Filippense.)

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

Verdeel in gesinne/egpare. (Indien iemand alleen hier is, laat hulle dit op hulle eie doen.) Praat met mekaar oor die volgende:

- Wat gaan ons anders doen in hoe ons *GEE*?
- Wat gaan ons anders doen in hoe ons *ONTVANG*?
- Hoe kan ons meer tevrede wees in ons situasie?

Bid dan saam as gesinne / egpare / individue tot die Here hieroor.

ADMINISTRASIE: _____ **5 MIN**

INHOUDSOPGAWE

Wie is Wapadrant?.....	2
My verbintenis as kleingroeplid.....	4
Mekaar tekse.....	5
God maak deure oop.....	7
Vennote in Christus se Evangelie.....	11
Lyding om Christus ontwil.....	13
Volg Christus se Nederigheid na.....	16
Voorbeelde van Christus se Diens.....	18
Ken Christus se Lyding.....	20
Volg Christus se Roepstem.....	23
Vreugde in Christus se Nabyheid.....	26
Ontvang Christus se Rykdom.....	30

Wie is Wapadrant?

Ons Visie ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD

ELKEEN	SAAM	OP GOD SE PAD
Ek is 'n unieke mens met unieke gawes, passies, persoonlikheid, ervarings, omstandighede. Daarom moet EK ook op my eie op God se pad wees.	God skep ons om in verhoudinge te leef. Ook as gelowiges bind Hy ons aan mekaar vas in EEN liggaam. Daarom MOET ek ook in verhouding met ander gelowiges op God se pad groei.	God het ons gemaak vir 'n doel – sy doel. Daarom gaan ons lewe nie oor wat ek wil en wat my pad is nie, maar om op God se pad te wees en op God se pad te groei (beweeg).

Wat glo ons?

- Ons glo dat daar net EEN God is, ons Here, die God wat Hom in die Bybel aan ons openbaar
- Ons glo dat hierdie EEN God DRIE persone is – Vader, Seun en Heilige Gees
- Ons glo dat die Vader alles gemaak het en steeds onderhou
- Ons glo dat die Seun Jesus Christus is:
 - Hy bestaan van ewigheid af saam met die Vader en die Heilige Gees
 - Hy is as mens uit die maagd Maria gebore
 - Hy het aan die kruis vir ons sondes betaal

- Wat is Paulus se geheim vir tevredenheid (vers 10-13)? Wat beteken dit vir vandag?
- Ons leef in 'n tyd waar mense begaan is oor materiële dinge. Wat dink julle sou Paulus vir iemand sê wat die volgende stellings maak:
 - Ek sal tevrede wees as ek net my eie huis het
 - Ek sal tevrede wees as ek net vir myself kan sorg
 - Ek sal tevrede wees as ek my volgende verhoging / bevordering / kontrak / kar kry
 - Die wêreld is te onseker – mens sal nooit tevrede kan wees nie.
- Vertel van 'n tyd wat jy “min” gehad het en tog tevrede was.
- Wat is Paulus se gesindheid oor die gee van hulp? En die ontvang van hulp? Watter een is vir jou die moeilikste? Hoekom?
- Paulus skryf dat dit goed was dat die Filippense vir hom geld gestuur het – nie omdat hy dit nodig gehad het nie, maar omdat dit vir *hulle* goed is. Hoe word hulle “ryker” deur hulle geld weg te gee? (vers 17) Watter perspektief bring dit op die gee EN ontvang van hulp?
- Wat alles kan 'n gelowige verhinder om vrylik te gee? Wat kan 'n gelowige help om meer te gee?
- Hoe moet ons vers 19 verstaan?

As julle die hele Filippense boek as geheel neem:

- Wat het vir jou uitgestaan uit die hele studie oor Filippense?
- Hoe sou julle Filippense in een sin opsom?

FILIPPENSE 4:10-23

ONTVANG CHRISTUS SE RYKDOM

VERWELKOMING: _____ **5 MIN**

YSBREKER: _____ **25 MIN**

- Wat was die gelukkigste tyd van jou lewe? Hoekom?
- As jy 'n towerstaffie kon swaai en EEN ding in jou lewe verander, wat sal dit wees? Hoe sal jy dit verander? Hoekom?

AANBIDDING: _____ **5 MIN**

Sing Lied 516 (Skrifberyming 14-2) saam. Dis op die melodie van "O Heer my God".

**Al sou dan ook / die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor, / die vrugteboorde wegkwyn,
die beeste, kleinvee, alles hier vergaan
nóg sal ek juig en bly wees in my God!
Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop / waar rats die ribbok gaan;
Hy laat my vas en veilig staan!**

Laat iemand dan julle byeenkoms in gebed aan die Here opdra.

BYBELSTUDIE: _____ **35 MIN**

Lees Filippense 4:10-23. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- o Hy het doodgegaan en op die derde dag weer lewend geword
- o Hy is nou by God, waar Hy ons verteenwoordig
- Ons glo dat die Heilige Gees in ons woon en ons lei en help
- Ons glo dat die lewe nie met die dood eindig nie, maar dat daar 'n ewige lewe is
- Ons glo dat net geloof in Jesus Christus vir ons die ewige lewe kan verwerf
- Ons glo dat die Bybel die Woord van God is
- Ons glo dat die kerk die gemeenskap van gelowiges is wat deur God na die wêreld gestuur word

Wat is vir ons belangrik?

- LIEFDE – vir God en mekaar
- VERHOUDINGS – met God, met mekaar, met die wêreld
- GROEI – in liefde en in hierdie verhoudings
- DIENSBAARHEID – teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld
- VERSKEIDENHEID – dis 'n gawe om te omhels en te gebruik

WAT WORD VAN MY VERWAG AS KLEINGROEPLID?

1. Onvoorwaardelike liefde

Ek onderneem dat ek niks sal toelaat om my liefde vir elke kleingroeplid te skaad nie. Al stem ek nie altyd saam met 'n ander se opinie of optrede nie, sal ek hom as persoon steeds bly liefhê. My liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie en poog om hulle in te trek en deel te maak van die kleingroep.

2. Algehele beskikbaarheid

Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die groep. Ek onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat ek dit sal bewys deur my bereidwilligheid om op te offer en tyd te maak vir die groep.

3. Getroue aanbidding

Soos die liefdevolle Vader dit graag wil hê, onderneem ek om op 'n gereelde basis vir elke kleingroeplid te bid. Ek glo dat hierdie gebede verhoor word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

4. Groter openheid

Ek sal daarna streef om my gevoelens, my stryd, my swaar en my vreugdes Met die groep te deel. Ek sal meer openlik wees en die groep vertrou met my probleme en my ideale.

5. Absolute eerlikheid

Ek onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Ek sal die waarheid in liefde praat, bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

6. Sensitiewe vir ander

Ek onderneem om na die beste van my vermoë ingestel te wees op ander groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met sy ore te luister en met sy hart om te gee.

7. Waaragtige vertroulikheid

Ek beloof om nie oor vertroulike dinge van die groep uit te praat nie en so te help om 'n atmosfeer te skep waar openheid en sekuriteit heers.

8. Volkome beheer deur die Heilige Gees

Ek wil graag in die kleingroep en in hierdie wêreld wees waar God my wil plaas. Daarom wil ek onder beheer van die Heilige Gees lewe em myself en God se gawes tot diens en seën van die groeplede stel.

9. Getroue bywoning

Ek onderneem om elke kleingroepbyeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Ek sal verskoning maak indien ek dit in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

10. Dankoffer

Ek onderneem om elke maand my dankofferbydrae getrou te gee.

Naam _____

Datum _____

Vra 4 mense om julle voor te gaan in gebed. Elkeen bid vir een van hierdie sake.

ADMINISTRASIE:

5 MIN

- Wat ontnem jou nou van vrede? Wat is Paulus se oplossing daarvoor (vers 6-7)? Wat maak sy oplossing moeilik in jou lewe?
- In vers 8 lys Paulus 8 dinge wat 'n gelowige se gedagte-wêreld moet vol maak. Wat is dit en hoekom is dit belangrik?

Eight words are used for the things that should fill the Christian's thought-life. As they are 'taken into account' (as the word translated *think* means), they will shape attitudes and direct words and actions. They are the things that are **(1) true** and honest, worthy and **(2) noble**, just and **(3) right**, **(4) pure** and holy, **(5) lovely** and beautiful, **(6) admirable** and pleasant to hear about. The word translated **(7) excellent** was the best word that classical Greek ethics had for virtue, and lastly there is the thought of what is **(8) worthy of praise and commendation.**¹

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

Paulus wys dat 'n gelowige se lewe oorloop van blydskap, vriendelikheid en vrede. Wat kan jy doen om hierdie week meer daarvan in jou lewe te hê en te wys? Hoe kan julle mekaar daarin help?

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

Na aanleiding van die bespreking vandag:

- Waarvoor wil julle dankie sê?
- Wat wil julle bely?
- Wat wil julle vra?
- Wie is daar vir wie julle in die besonder wil bid?

Carson, D., & Guthrie, D. (1997, c1994). *New Bible Commentary : 21st century edition* (electronic ed. of the 4th ed.) (Php 4:10). Downers Grove: InterVarsity.

MEKAAR-TEKSTE

- Bewys eerbied teenoor mekaar Rom 12:10
- Wees eensgesind onder mekaar Rom 12:16; 1 Pet 3:8
- Aanvaar mekaar Rom 15:7
- Onderrig mekaar Rom 15:14
- Gebruik gawes vir mekaar 1 Kor 12:7; 1 Pet 4:10
- Onderlinge mededeelsaamheid 2 Kor 8:13–15
- Groet mekaar 2 Kor 13:12
- Dien mekaar in liefde Gal 5:13
- Dra mekaar se laste Gal 6:2
- Wees goed vir mekaar Ef 4:32; 1 Tess 5:15
- Vergewe mekaar Ef 4:32
- Sien om na mekaar se belange Fil 2:3–4
- Wees geduldig met mekaar Kol 3:13
- Mekaar liefhê Kol 3:14; 1 Joh 4:11–12
- Leer en onderrig mekaar Kol 3:16
- Moedig mekaar aan 1 Tess 5:11; Heb 10:25
- Versterk mekaar 1 Tess 5:11
- Lewe in vrede met mekaar 1 Tess 5:13
- Moedig mekaar tot liefde en goeie werke aan Heb 10:24

MEKAAR-TEKSTE

- Bely sondes teenoor mekaar Jak 5:16
- Bid vir mekaar Jak 5:16
- Wees gasvry teenoor mekaar 1 Pet 4:9
- Troos mekaar 1 Tess 4:18
- Wees deel van mekaar 1 Joh 1:7
- Vermaan mekaar Heb 3:13
- Wees onderdanig aan mekaar 1 Pet 5:5
- Verdra mekaar in liefde Ef 4:1-2
- Wees lief vir mekaar Joh 15:17
- Dra gelyke sorg vir mekaar 1 Kor 12:25
- Wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar Ef 4:32
- Moenie mekaar veroordeel nie Rom 14:15
- Moenie op mekaar jaloers wees nie Gal 5:26
- Moenie teen mekaar sug nie Jak 5:9
- Moenie mekaar beskinder nie Jak 4:11
- Moenie vir mekaar lieg nie Kol 3:9
- Vergewe mekaar Kol 3:13
- Leef in vrede met mekaar Kol 3:15
- Sorg vir mekaar 1 Kor 12:25

**om bemin te word nie, maar om liefde te gee.
Want dit is alleen wanneer ons gee dat ons ontvang;
dit is wanneer ons self vergewe dat ons ander se
vergifnis kan aanvaar;
en dit is alleen wanneer ons sterwe aan onself dat ons
gebore word tot die ewige lewe.
amen**

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Lees Filippense 4:2-9 saam deurdat een persoon Filippense 4:2-3 hardop lees en iemand anders Filippense 4:4-9.

- In vers 2 vermaan Paulus vir twee vroue om eensgesind te wees *in die Here*. Gelowiges hoef nie *eenders* te wees nie, maar moet *een* wees (sien ook Efesiërs 4:3-6). Wat beteken dit om *in die Here* eensgesind te wees? Hoe moet dit in julle kleingroep gebeur?
- Paulus is vasgeketting in die tronk wanneer hy hierdie brief skryf (Filippense 1:12-14; sien ook studie 3). Hoe moet ons dan vers 4 verstaan? Wat behoort die verhouding tussen ons uiterlike omstandighede en ons innerlike gesteldheid te wees? Hoe kan julle dit bewerk?
- Die bekende Duitse teoloog Karl Barth het gesê: “om jouself te verbly, jouself te troos, jouself te versterk, jouself te laat bemoedig, is – Christelik verstaan – ’n gebod net soos enige ander.” Stem julle hiermee saam? Hoe moet ons dit doen?
- Vers 5 lees as volg in die 1933/53 vertaling: “*Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.*” Wat beteken dit vir jou? Wanneer is dit moeilik om dit te doen?

VREUGDE IN CHRISTUS SE NABYHEID

VERWELKOMING: _____ **5 MIN**

YSBREKER: _____ **25 MIN**

- Wat is een spesifieke “vreugde” wat jy op hierdie stadium in jou lewe ervaar?
- Wat is jou grootste “bekommernis” nou?

AANBIDDING: _____ **5 MIN**

Gee 2 minute van stilte waar elkeen die onderstaande gebed van Fransiscus van Assisi uit die 13e eeu stil deurlees.

Laat iemand die gebed dan hardop voorlees as julle gebed, terwyl almal se oë toe is:

**Here, maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde saai;
waar mense seergekry het, help my om vergifnis te
bework;
waar daar twyfel is, laat my sekerheid bring;
waar daar wanhoop is, hoop;
waar daar donker is, lig;
waar daar hartseer is, vreugde.**

**O heilige Meester, gee dat ek nie soseer sal seek:
om vertroos te word nie, maar om ander te troos;
om begryp te word nie, maar om ander te probeer
verstaan;**

VERWELKOMING: _____ **5 MIN**

YSBREKER: _____ **25 MIN**

- Wat was die eerste beroep wat jy as kind wou wees? Hoekom wou jy dit wees? Is jy vandag bly of jammer dat jy dit nie geword het nie?
- Baie keer maak mens groot planne vir jouself net om te sien hoe die Here dit nie (ten goede!) so laat uitwerk nie. Vertel van 'n keer in jou lewe waar dinge anders, maar beter, uitgewerk het as wat jy beplan het.

AANBIDDING: _____ **5 MIN**

Hou 'n breinstorm rondom die volgende vraag: *As ek God in een woord sou beskryf, wat sou dit wees?*

Laat elkeen al die woorde wat genoem word neerskryf.

Gee nou 2 minute van stilgebed waar elkeen God loof en aanbid vir wie Hy is.

BYBELSTUDIE: _____ **35 MIN**

Lees die volgende agtergrondinligting oor Filippi vinnig deur. Laat elkeen dit in stilte doen.

Tydens die Romeinse oorheersing kry Filippi besondere strategiese belangrikheid vanuit militêre en handelsoogpunt omdat die groot verkeersweg, die *Via Egnatia*, wat Rome met Bisantium verbind, deur Filippi loop. In 42 vC het 'n veldslag in die nabyheid van Filippi plaasgevind waartydens Oktavianus (die latere keiser Augustus), saam met Markus Antonius, die moordenaars van Julius Caesar, Brutus en



het. 'n Groot getal oudgediende Romeinse soldate is toe in Filippi gevestig. Nadat Augustus in 31 vC in 'n seeslag by Actium die oorwinning oor Antonius behaal het, het hy die soldatekolonie in Filippi versterk. Van toe af was die Romeinse wette (*jus italicum*) daar van krag. Die meerderheid inwoners was Romeinse burgers en die stad het onder die direkte beskerming van die keiser gestaan.

Filippi was ook die trefpunt van die aanhangers van verskeie heidense godsdienste, waarvan die belangrikste die keiseraanbidding was. Daar was so min Jode dat hulle nie 'n sinagoge gehad het nie (10 Joodse mans was nodig vir 'n sinagoge), maar wel 'n bidplek buite die stad langs die rivier.

Citizens of Philippi, a Roman colony, were automatically citizens of Rome, sharing all the rights and privileges of Roman citizens even though most of them had never been there. (Not everyone who lived in Philippi was a full citizen of Philippi, but the citizenship held by much of the church, especially owners of homes in which it met, would raise the status of the whole movement there.) Paul's readers in Philippi therefore understand quite well what it means to be citizens of the supreme city while not yet living there. ¹

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

Wie ken julle wat in hulle gelooswedloop tot stilstand gekom het? Wie ken julle wat in die wedloop agteruitgegaan het? Wie ken julle wie se verlede hulle terughou? Wat kan julle hierdie week daaraan doen?

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

Hou mekaar se hande vas terwyl julle staan of sit. Begin op een punt en gee vir elkeen kans om te bid. Indien jy klaar is of nie wil bid nie, druk eenvoudig die volgende persoon se hand. Die laaste persoon hoef net "Amen" te sê indien hy/sy nie self wil bid nie.

ADMINISTRASIE: _____ **5 MIN**

Keener, C. S. (1997, c1993). *The IVP Bible background commentary : New Testament* (electronic ed.) (Php 3:20). Downers Grove: InterVarsity.

- Een van die gevare in die wedloop is om tot stilstand te kom of te gaan sit voordat jy by die einde is. Hoe sou julle iemand beskryf wat in die geloofswedloop gaan sit het? (Onthou: hy gaan nie agteruit nie.) Waar in jou geloofslewe het jy 'tot stilstand' gekom? Wat kan jy daaraan doen?
- 'n Ander gevaar is om agtertoe te gaan, soms selfs onbewus. Waar gebeur dit die maklikste dat mens in jou geestelike wedloop agteruit beweeg? Waar dink jy het dit met jou gebeur?
- In vers 13 sê Paulus dat hy hom "losmaak" van wat agter hom is. Dis dan veral die dinge waarop hy voorheen staatgemaak het (sien vers 5-6). Wat is daar in jou verlede waarvan jy jou moet "losmaak" omdat dit jou aftrek en weerhou om Christus van harte te volg?
- In vers 17 roep Paulus ons op om die regte mense se voorbeeld te volg. Wie dink jy stel 'n navolgingswaardige voorbeeld? Wie is vir jou persoonlik 'n voorbeeld?
- In vers 19 en 20 maak Paulus onderskeid tussen "aardsgesindes" en "burgers van die hemel". Wat maak dit moeilik om 'n "burger" te wees van 'n plek waar jy nog nie was nie (sien ook kommentaar hieronder)? Hoe sien Paulus die verskil tussen "aardsgesindes" en "burgers van die hemel"? Hoe sal julle die verskil beskryf in terme van:
 - Hul gesindhede?
 - Hul motiewe en prioriteite?
 - Hul dade?

Lees Handeling 16:6-15. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Paulus en Timoteus het hulle eie plan vir hoe hulle die Here wil dien (Bitinië in Asië), maar God het 'n ander plan vir hulle (Filippi in Europa). Wat leer dit vir ons oor God? En oor ons planne?
- Waar het die Here al vir jou "deure" toegemaak vir jou bediening? Waar sien jy 'n "oop deur"? (Huis, werk, skool, familie, gemeenskap) Hoe kan jy dit gebruik?
- Wanneer Paulus in 'n nuwe stad gekom het, was sy gewoonte om na die sinagoge te gaan op die sabbatdag en daar met die Jode te praat. In Filippi was daar nie 'n sinagoge gewees nie. Hoe beïnvloed dit Paulus se strategie? Wat leer dit vir ons?
- Paulus praat langs die rivier met 'n klomp Joodse vroue in 'n tyd waar dit 'n kulturele taboe was vir 'n man om met 'n vrou te praat. Wat leer ons hieruit?
- In daardie tyd is vroue nie geleer nie en het hulle ook min kennis van die Bybel (Ou Testament) gehad. Hoe sou Paulus sy gewone aanslag (vir geleerde Joodse mans) moes verander? Hoe sou jy hierdie vroue benader?
- In die res van Handeling 16 lees ons hoe Paulus 'n bose gees uit 'n slavin uitdryf. Haar eienaars word vir Paulus-hulle kwaad en sorg dat hulle gearresteer word. In die tronk kom die tronkbewaarder tot bekering, maar dan word Paulus-hulle deur die stadsbestuur gedwing om die stad te verlaat. Paulus-hulle was dus maar 'n paar dae in Filippi en hulle 'bekeerlinge' was Joodse vroue en 'n Romeinse tronkbewaarder. Wat was die kans dat die gemeente sou bly voortbestaan? As julle van dié was wat in Filippi agtergebly het, hoe sou julle aangegaan het? (Onthou, dis sonder die Nuwe Testament en sonder 'n 'predikant').

DIENSWERK: **5 MIN**

Waar is daar 'n "oop deur" vir julle kleingroep om betrokke te raak? Hoe gaan julle dit doen?

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Verdeel in groepies van 2 (verkieslik 2 wat nie aan mekaar 'verbind' is nie!)

Gebruik die 10 minute om met mekaar te bespreek waarvoor daar gebid kan word na aanleiding van vandag se gesprekke. Dink o.a. aan die kleingroep, mense in die kleingroep, jousef, sake/mense wat tydens die bespreking na vore gekom het, planne/voornemens wat gemaak is.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**

FILIPPENSE 3:12-4:1

VOLG CHRISTUS SE ROEPSTEM

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **25 MIN**

- Het jy aan enige sport deelgeneem in jou lewe? Vertel bietjie vir die ander.
- As jy 3 afsonderlike dae kon spandeer, een met iemand in die Bybel, een met iemand uit die geskiedenis, een met iemand wat vandag nog leef, wie sou dit wees en waarom sou jy wou gesels?

AANBIDDING: **5 MIN**

Laat almal hulle Bybels oopmaak by Psalm 103. Lees dit hardop as volg:

Ps 103:1-5: Almal saam

Ps 103:6-12: Vroue saam

Ps 103:13-19: Mans saam

Ps 103:20-22: Almal saam

Vat 'n minuut om vinnig te sê wat julle hierin van die Here beleef het.

BYBELSTUDIE: **35 MIN**

Lees Filippense 3:12-4:1 deurdat elkeen een vers hardop lees.

- In vers 12 skryf Paulus "omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het." Is dit nie arrogant om dit te sê nie? Kan ons dit vandag nog sê?
- In vers 12-14 gebruik Paulus die beeld van 'n wedloop op sy geloofsreis te beskryf. Waar plaas Paulus homself in sy geestelike lewe?

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

Gebruik die geleentheid om bietjie weer in diepte oor julle kleingroep se dienswerkprojekte te praat.

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

Gee vir elkeen 'n papiertjie waarop hy/sy 'n lysie maak van:

- Goed in my verlede waarop ek valslik staatmaak
- Iets wat ek wil verander in my lewe

Gee dan vir elkeen kans om daarvoor te bid. Laat hulle die papiertjies saamvat en deur die week bid.

ADMINISTRASIE: _____ **5 MIN**

_____ **FILIPPENSE 1:1-11**

_____ **VENNOTE IN CHRISTUS SE EVANGELIE**

VERWELKOMING: _____ **5 MIN**

YSBREKER: _____ **25 MIN**

- Waar was jy 12 jaar gelede? Wat is die grootste verandering wat in hierdie 12 jaar in jou lewe gebeur het?
- Wie het die grootste aandeel gehad in jou geloofslewe as kind? En as volwassene? Hoe het hulle dit gedoen?

AANBIDDING: _____ **5 MIN**

Laat almal hulle oë toemaak en laat een persoon dan Filippense 1:2-11 stadig voorlees asof Paulus dit vir julle kleingroep skryf. Gee 1 minuut van stilte na die lees vir stilgebed.

- Hoe het julle die gebed beleef?
- Wat het jou getref?

BYBELSTUDIE: _____ **35 MIN**

Ons het verlede keer gesien dat Paulus maar 'n kort rukkie in Filippi was voor hy weggejaag is. Tog het die gemeente bly voortbestaan. Sowat 12 jaar later (ongeveer 61 n.C.) is Paulus in die tronk in Rome wanneer Epafroditos by hom kom met 'n geskenk van die gemeente in Filippi. In reaksie op die geskenk en op wat Epafroditos vir hom vertel van die gemeente, skryf Paulus hierdie brief.

Lees Filippense 1:1-11. Laat elkeen een vers hardop lees.

- Watter woord in die gedeelte dink jy beskryf Paulus se gevoel oor die gemeente die beste?
- Paulus is dankbaar teenoor die gemeente omdat hulle saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie (vers 5). Vir wie kan jy dankbaar wees hiervoor? Hoe?
- Volgens vers 6 is die “goeie werk” in die Filippense nog nie klaar nie. Is die “goeie werk” in jou al klaar? Wat kan jy doen om dit nader aan klaar te kry?
- Hoe neem “liefde” toe in “begrip en fyn aanvoeling” (vers 9)? Hoe help meer “liefde” om te onderskei wat werklik belangrik is?
- Wat, dink julle, is die “dinge waarop dit werklik aankom” (vers 10)? Hoe kan jy hierdie week daarop fokus?

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

Wie kan julle as kleingroep bedank omdat hulle saamwerk om die evangelie te verkondig? Hoe gaan julle dit doen?

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

As Paulus vir die gemeente bid, dank hy God vir wie hulle is en wat hulle doen en bid dat hulle selfs meer sal groei. As julle aan (A) die gemeente en (B) julle kleingroep dink, waarvoor wil julle God dank? En waarvoor wil julle bid vir (C) die gemeente en (D) julle kleingroep? Vra 4 persone om notas te maak van A-D en om dit dan te bid.

ADMINISTRASIE: _____ **5 MIN**

- In vers 3 skryf Paulus dat ons nie op “uiterlike dinge” vertrou nie. Op watter uiterlike dinge vertrou mense vandag?
- In vers 5 en 6 lys Paulus ’n klomp gegewens wat wys dat hy die godsdienstige vereistes beter as enigiemand anders nagekom het. Tog was dit nutteloos omdat hy gedink het hy daardeur gered kan word. Hoe kan ons sorg dat ons godsdienstige handeling (gebed, Bybellees, eredienste bywoon, nagmaal, doop, belydenisaflegging) op die regte manier gedoen word?

Laat iemand anders Filippense 3:7-11 hardop voorlees.

- In vers 7 en 8 skryf Paulus dat hy dit alles as “waardeloos” beskou. (die woord beteken letterlik: “*dung, rubbish, garbage, offscourings*”). Hoekom voel hy so sterk daarvoor? Wat kan ons hieruit leer?
- “om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.” (vers 8) Wat, dink jy, het vandag vir die gemiddelde mens die meeste waarde?
- Hoe sal iemand se lewe lyk vir wie “om Christus Jesus ... te ken, ... alles in waarde (oortref)”?
 - Prioriteite?
 - Tydsbesteding?
 - Begroting?
 - Optrede?
 - Besittings?
- Wat is iets wat elkeen van julle prakties kan gaan doen om meer so te lyk? (Dalk is dit om iets nie te doen nie...)

FILIPPENSE 3:1-11

KEN CHRISTUS SE LYDING

VERWELKOMING: 5 MIN

YSBREKER: 25 MIN

- Verlede keer is gevra dat almal meer komplimente moet gee. Deel bietjie julle ervaringe daarmee.
- Wat het jy al in jou lewe gedoen waarop jy baie trots is?
- Wat dink jy is jou beste eienskappe? (Indien daar getroudes/paartjies is, kan hulle ook die ander een s'n noem.)

AANBIDDING: 5 MIN

Vra iemand om voor te gaan in gebed. Dank die Here vir mekaar en vir die gawes, talente en geleenthede wat Hy vir elkeen gee. Vra die Here om julle ook nou in die bespreking te lei en bewus te maak van sy teenwoordigheid by julle.

BYBELSTUDIE: 35 MIN

Laat een persoon in die groep Filippense 3:1-6 hardop voorlees.

- Volgens die NLV lui vers 2: "2Pas op vir daardie rondloperhonde ^a, pas op vir daardie deugniete, pas op vir die mense van die versnydenis ^b !" (^{3:2a} 'n Skeldnaam vir persone wat 'n valse evangelie verkondig. ^{3:2b} Paulus spot deur die "besnydenis" 'n "versnydenis / liggaamskending" te noem.) Paulus het dit teen mense wat nog dink dat sekere rituele (soos besnydenis) nodig is om gered te word. Watter rituele is daar vandag wat mense valse vertrou op stel?

FILIPPENSE 1:12-30

LYDING OM CHRISTUS ONTWIL

VERWELKOMING: 5 MIN

YSBREKER: 25 MIN

- Hoe sal iemand se lewe lyk wie se hoogste prioriteit die volgende is:
 1. Persoonlike plesier
 2. Versameling van welvaart en materiële goed
 3. Invloed en mag oor mense
 4. Klim van korporatiewe leer
 5. Soek vir die perfekte lewensmaat
 6. Verkry van goedkeuring deur ander
 7. Daarstel van sekuriteit vir self en gesin
- As jy na die wêreld rondom jou kyk, wat dink jy is meeste mense se hoogste prioriteit?
- Lyk dit of mense in die kerk s'n anders is?

AANBIDDING: 5 MIN

Vra iemand om julle voor te gaan in gebed nadat julle saamgesing het. (Julle kan gerus in 'n kring staan en hande vashou terwyl julle sing en bid.)

Sing Lied 516 twee keer na mekaar (melodie is 'O Heer my God'):

Al sou dan ook / die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor,
die vrugteboorde wegwyn,
die beeste, kleinvee,
alles hier vergaan
nóg sal ek juig
en bly wees in my God!

Hy is my hulp, / Hy gee my krag.
Hy laat my loop
waar rats die ribbok gaan;
Hy laat my vas en veilig staan!

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Historici leer dat Paulus waarskynlik 24 uur van die dag aan 'n wag vasgeketting was. Die wagte is elke paar uur geruil. Paulus het dit gesien as 'n geleentheid om vir elke wag van Jesus te vertel – hulle kon immers nie wegloop nie! Praat van 'n 'captive audience'!

Lees Filippense 1:12-30. Laat elkeen een vers hardop lees.

- 'n Mens se eerste reaksie as jy in “boeie” kom is om daar uit te kom. Hoekom was Paulus se reaksie anders?
- Wat behoort ons reaksie te wees wanneer slegte dinge (“boeie”) met ons gebeur?
- Wat was die hoogste prioriteit in Paulus se lewe (vers 12-20)?
- Wat is die hoogste prioriteit in jou lewe? Wat wil jy hê moet dit wees? Hoe gaan jou lewe anders wees as jou hoogste prioriteit verander?
- Waar het jy in jou lewe 'n ‘captive audience’?
- In vers 23 en 24 skryf Paulus dat dit vir hom beter is om dood te gaan maar vir “hulle” beter is as hy bly leef. Hoe kan ons dit ook sê? Wie is die “hulle” in ons lewe? Hoe is dit vir “hulle” beter as ons bly lewe?
- In vers 29 skryf Paulus dat dit 'n “voorreg” is om “vir Hom te ly”. Hoe sal dit vandag lyk om “vir Hom te ly”?

DIENSWERK:

5 MIN

Wie ken julle wat swaarkry, wat “in boeie is”? Is dit iemand in die kleingroep? (Gebruik gerus die gemeente se nuusbrief indien julle nie self iemand ken nie.) Hoe kan julle as kleingroep daardie persoon/persone dien?

- Hoe kan julle “ligdraers” wees? (Die Nuwe Lewende Vertaling skryf: “Skyn in hierdie donker wêreld soos helder sterre deur noukeurig te leef volgens die boodskap wat tot die lewe lei.”)
- Hoe kan ons geloof 'n “offer in diens van God” wees? (vers 17)

Laat een persoon Filippense 2:19-24 hardop lees. Laat iemand anders dan Filippense 2:25-30 hardop lees.

- Hoe sal julle Timoteus en Epafroditos onderskeidelik beskryf? Wie ken jy wat soos hulle is?
- Hoe waar is vers 21 van ons samelewing? En van die kerk? En van jou?
- Waar moet jy nog meer Jesus Christus se belange soek bo jou eie? Hoe gaan jy dit doen?

DIENSWERK:

5 MIN

1. Wat kan julle hierdie week prakties doen om “'n helder ster” te wees?
2. Verbind julle daartoe om hierdie week mense te wees wat opregte komplimente uitdeel – in jou huwelik, gesin, werk, vriende, kleingroep, ensovoorts.

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Gee geleentheid vir stilgebed waar elkeen vir die persoon wat oorkant hulle sit, bid. (Sorg dat egpare nie vir mekaar bid nie.) Gee voor die tyd vir elkeen geleentheid om te sê waarvoor daar vir hulle gebed kan word:

- a. Na aanleiding van vandag se kleingroep
- b. In die algemeen

ADMINISTRASIE:

5 MIN

FILIPPENSE 2:12-30

VOORBEELDE VAN CHRISTUS SE DIENS

VERWELKOMING: 5 MIN

YSBREKER: 25 MIN

- Watter taak kry jy moeilik gedoen sonder om te kla of te stry? (Dalk moet jou man of vrou antwoord...)
- Watter kompliment wat jy al in jou lewe gekry het, het vir jou die meeste beteken?
- Wanneer is dit vir jou die “moeilikste” om ’n Christen te wees?

AANBIDDING: 5 MIN

Laat iemand Efesiërs 2:8-10 stadig voorlees terwyl almal se oë toe is. Gee 1 minuut vir stilgebed, waarna vers 8 weer gelees word as afsluiting van dié tyd.

Wat beteken dit vir jou om te hoor: “Jy **IS** gered! Dit is ’n **gawe** van God”?

BYBELSTUDIE: 35 MIN

Laat iemand Filippense 2:12-18 hardop voorlees.

- In vers 12 skryf Paulus dat ons as “verlostes” (mense wat “gered is” NLV) moet leef. Hoe kan mens weet of jy verlos IS? Hoe verskil ’n verlose se lewe van iemand wat nog wonder of hulle verlos is?

Lees weer vers 15 en 16

- Hoe kan julle “sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense”?

GEBEDSRIGLYN: 10 MIN

Vra drie persone om julle voor te gaan in gebed. Bespreek voor die tyd die volgende:

1. Wat het mens nodig om in swaar tye die Here te dien?
2. Op watter maniere word die evangelie verkondig?
3. Wat beteken dit dat ons lewenswandel in ooreenstemming is met die evangelie?

Gee nou geleentheid vir die drie persone om hiervoor te bid.

ADMINISTRASIE: 5 MIN

FILIPPENSE 2:1-11

VOLG CHRISTUS SE NEDERIGHEID NA

VERWELKOMING: _____ **5 MIN**

YSBREKER: _____ **25 MIN**

- Wie is vandag 'n voorbeeld vir jou wat jy graag sal navolg? Hoekom?
- Waar dink jy is jy 'n voorbeeld wat mense kan volg? (Julle kan gerus mekaar hierin help!)

AANBIDDING: _____ **5 MIN**

Gee vir elkeen geleentheid om te vertel waar en hoe hulle God die intense beleef. Gee nou 'n minuut van stilte sodat elkeen hulle kan instel om God nou te beleef.

BYBELSTUDIE: _____ **35 MIN**

NEDERIGHEID is nie om minder **VAN** jousef te dink nie, maar minder **AAN** jousef. 'n Gelowige mag nooit min van homself/haarself dink nie – God het jou immers hoog genoeg geag om sy enigste Seun vir jou te gee! En jou dan weer vir ander te gee.

Hoe voel julle oor hierdie stelling?

Lees Filippense 2:1-11. Laat een persoon vers 1-4 lees en 'n ander persoon vers 5-11.

- Wat beteken dit vir 'n gemeente en 'n kleingroep om “een in liefde, een van hart, een in strewe” te wees (vers 2)?
- Hoe vergelyk vers 3 en 4 met die stelling hierbo? Wie is die moeilikste

mense om “hoër” as jousef te ag?

- Hoe het Jesus die gestalte van 'n slaaf aangeneem (vers 7)? (Lees gerus Johannes 13:12-15, waar Jesus die vuilste 'bediende' werk doen)
- Hoe pas Jesus se optrede by die stelling oor nederigheid hierbo? Hoe kan ons Jesus se voorbeeld van nederigheid volg?
- Watter stappe van vernedering het Jesus bewustelik geneem?
- Wat kan jy in jou lewe DOEN om jousef te 'verneder'?

DIENSWERK: _____ **5 MIN**

- Wie is daar wat “laer” as julle is wat julle hierdie week as kleingroep kan dien? Hoe gaan julle dit doen?
- Wie is daar wat “laer” as jy individueel is wat jy hierdie week kan dien? Hoe gaan jy dit doen?

GEBEDSRIGLYN: _____ **10 MIN**

Deel in groepies van 3 mense op. Bespreek die volgende vrae voor julle vir mekaar bid:

- Wat moet ek 'neersit' om meer nederig te wees?
- Wat moet ek 'optel/aantrek' om meer soos Jesus te wees?
- Waar wil ek dit hierdie week doen?

ADMINISTRASIE: _____ **5 MIN**